

24 September

Skrifgedeelte: Genesis 49:1-28

Fokusgedeelte: Genesis 49:10

Christus regeer vir ewig!

Ons Here Jesus het self gesê dat die hele Ou Testament van Hom getuig. Dit blyk ook duidelik uit hierdie seën wat Jakob oor sy seun Juda uitgespreek het. Die seën bevat 'n profesie oor die ewige koningskap van die Messias, wat inderdaad later uit die stam van Juda gebore is. Jesus, die Christus, is dus die uiteindelijke en eintlike vervulling van hierdie profesie, want Hy is die Koning van die konings en die Here van die heersers.

Dat Hy vir ewig regeer is 'n geweldige troos vir my! Sy koningskap is die waarborg dat ek tot in ewigheid veilig by Hom is en dat niks of niemand my uit sy hand kan ruk nie. Daarom moet ek ook my Koning in alles gehoorsaam en Hom dankbaar met oorgawe dien. Ek moet my deur sy Woord en Gees laat regeer en so sy koninkryk laat kom! My lewe moet 'n getuigenis wees van my Koning se heerskappy!

Sing: Psalm 2:6

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)